**Reeks:** 'n god wat god is
**Titel:** As die Skatkis Vol is
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 3 April 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

"En een van die skare sê vir Hom, Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel, maar Hy antwoord hom, mens, wie het My as 'n regter of deler oor julle aangestel, en Hy sê vir hulle pas op en wees op julle hoede vir hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie, toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis.
'n Ryk man se grond het goed gedra, en hy het by homself geredereer en gesê wat sal ek doen want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie, toe sê hy, dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel, en ek sal vir my siel sê, siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare, neem rus, eet, drink, wees vrolik, maar God het aan hom gesê jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis, en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."
***Lukas 12:13-21 (AOV)***

Ek weet nie wie van julle op die 1ste April uitgevang was nie. Ek kry vroeg die oggend 'n sms van 'n vriend af wat vir my sê hy hy dahlia bolle geëet, hy het gedink dis uie, hy is nou by die dokter se spreekkamer en hy voel nie lekker. Bietjie geskrik, ek wonder dadelik is dit giftig, is hy okay. Ek dog ek sal hom so 'n halfuur gee, bel dat ek net hoor wat sê die dokter. Vyf minute later kry ek weer 'n sms: dokter sê wees rustig, in die lente behoort hulle uit te kom. Geniet die 1ste April.
'n Ander ou het gegaan en in 'n baie eksklusiewe klerewinkel die pryse gaan omruil, so jy kon daardie dag, op 1 April, ingaan en jy kan 'n pak klere vir R500 koop. Kouse was R10,000. Dit was nie gelukkige kliënte wat wou betaal en uitgevind het maar hierdie item is verkeerd geprys nie, jy weet, en dis die probleem met baie van die April fools dag grappies. Dis nie vir almal snaaks nie.
Ek kan nie help om te dink aan die storie wat Jesus vertel het oor die fool, die dwaas, nie en die baie, baie goeie hedendaagse uitbeelding van daardie verhaal nie. Dis iets wat miskien nie baie snaaks is nie, om gevang te word vir 'n fool, en dit is treffend. Jesus sê nie hierdie man was... wat pryse omgeruil het ook, goed plek gegee het in sy lewe wat dit nie behoort te hê nie, wat vernietigind op sy lewe inwerk nie, Hy sê nie vir hom hy is 'n sondaar, hy is boos, hy is besete nie. Dis net: jy is 'n dwaas, en nou leef jy met geweldige verwyt in jou lewe, en dis nou te laat. Ek wonder wat is dit wat van hom 'n dwaas gemaak het, en dit lyk vir my, terwyl ek gemediteer het oor hierdie gedeelte, asof daar sekere beliefs was, gelowe wat hierdie ou gehad het wat hom gevorm het. Nou kyk, dit is iets wat ons almal in ons het, nê; dis idees van hoe die lewe werk. Dit skep ons hele houding, dit skep ons ingesteldheid, dis ons paradigma, dis ons verwysingsraamwerk vir alle besluite wat ons neem. Dis baie, baie sterk in ons almal se lewens, en hy het 'n paar van hulle gehad. Die eerste een wat hy gehad het was die lewe lê in goed. Jesus sê, vers 15, die lewe lê nie in goed nie. Oppas vir hebsug. Hy dink dit lê in goed. Hy dink dat as hy dit gaan kry gaan hy gelukkig wees. Het jy al ooit so gedink en gevoel?
Jy weet, daar is 'n snaakse ding wat met ons gebeur. Ek voel so. Alles gaan all right wees as ek net dit kry, en is alles dan all right? Partykeer vir 'n rukkie, en dan is dit weer nie all right nie, dan wil ek... maar dis asof ons nooit daardie mite... kyk, dis 'n geloof wat ons het, maar dis 'n mite want daardie... hy werk nie. Dis nie die waarheid nie. Dis asof ons dit nie kan laat gaan nie.
Dit het nou al hoeveel keer met my gebeur dat ek iets wou gehad het wat ek gekry het, en ek het gedink my lewe sal okay wees as ek dit kry, en dan kry ek dit en na 'n rukkie dan is dit nie okay nie, maar ek kan nie daardie mite laat gaan nie. Ek bly net glo meer gaan beter wees, kyk, want dit is die probleem van hierdie geloof. As ek dink my lewe lê in goed dan raak ek hebsugtig.
Hebsugtig is die dringende behoefte en begeerte om te besit, dan wil ek goed hê. Die probleem is dan stel ek my lewe baiekeer uit. Ek raak nou onvergenoegd met wat ek het want dis nie okay nie, want as ek dit het dan sal ek happy wees, sien, en so stel ons die lewe uit op die manier.
'n Ander mite waarmee hy geleef het: ek het besitreg. Het julle al gedink, Jesus vra vir hom in vers 20, hy sê luister hier, as jy nou doodgegaan het, wie se goed gaan dit dan nou wees, al hierdie goed wat jy nou bymekaar gemaak het? Besitreg is 'n mite. Ons dink omdat ek 'n papier het wat staan dis myne en omdat ander ouens saamstem en sê, nee, dit is syne, dan is dit regtig myne, maar die Bybel leer ons, nee, jy is net 'n bestuurder. Alles is God s'n en dit bly hierso. Dit bly hier, en jy is net hier om dit te bestuur, kyk, en 'n tweejarige...
Ons is soos twee... jy weet, jy gee vir die kind 'n groot geskenk. Hy dink dis syne. Hy sê, myne, en skielik is daardie ding verskriklik belangrik vir hom, veral as jy belangstel in daardie ding. Los uit, myne. Nee, nê. Jy kan daardie geskenk enige tyd... daardie kind het nie betaal vir daardie ding nie. Hy het niks gedoen vir daardie ding nie, en jy kan hom enige tyd wegvat. As jy dink dis skadelik vir hom of dit speel nie 'n goeie rol in sy lewe nie kan

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

jy dit wegvat van hom af. Kan jy glo dat klein kindertjies so delusional en verwaand kan wees dat hulle dink dis hulle s'n? Dis God s'n.
Jy sien, wat saam met dit gaan, as jy so dink dan kom daar vrees in jou lewe, nê, want daardie ding word... dis 'n ekstensie; dit word 'n ekstensie van jouself. Dis myne. Dit is deel van my daardie. Jy kan nie help as jy so dink dat dit 'n groot invloed op jou identiteit begin te vorm nie. Ek is, want ek het. Ek is okay want ek het, en dan natuurlik saam met dit gaan vrees; sê nou net dit word bedreig. Sê nou net ek verloor dit. Sê nou net ek verloor iets van dit. Ek sit met vrees.
'n Ander groot mite wat ons optel, die lewe is sonder 'n doodsbewussyn. Hy sit en dink en beplan net vir sy... o, dis die ultimate lewe, en ek weet niemand van ons het dit nog ooit gedink nie, as ek net nie hoef te werk nie. Huh? As ek genoeg kan hê dan kan ek relax en ek kan... dit... net lekker... en dan? Nee, maar ons sal dan dink aan dan daarna, maar ek wil eers daar kom.
Ons sny die dood uit ons bewussyn uit, en ons dink dis 'n baie beter lewe om te leef as ons sonder 'n bewussyn van die dood te gaan, maar Jesus sê waarheen lei so 'n lewe. Jesus sê uiteindelik lei so 'n lewe na verwyt toe. Uiteindelik gaan jy besef maar ek was 'n dwaas gewees. My lewe is groter en meer as my lewe hier en nou. Ek is 'n ewige wese, en ek moes met 'n ewigheidsperspektief geleef het. Ek was so kortsigtig. Ek het net gelyk na hier en nou. Ek het dit gemis. Ek het met 'n mite geleef.
Die volgende mite is: goed gee sekuriteit. Hy gaan vir homself sê, in vers 19, nou kan ek rus. Nou kan ek... nou het ek dit. Ek is nou... ek is gewax, soos die jong mense sê. Ek is gewax. Wat ookal nou gebeur, ek sal okay wees. Jy weet, dit is verskriklik moeilik om nie so te begin dink in die wêreld waarin ons leef nie.
'n Ruk gelede het my en Wilma se seun Remon 'n werwel geskuif in sy nek en hy moes dringend 'n operasie ondergaan, en toe ons aansoek doen toe keur die mediese fonds dit af en hulle beveel 'n ander ouer prosedure aan, en ons voel maar ons kan nie dit doen nie, ons het... dit word afgekeur. Die dokter sê sit dadelik R90,000 neer en dan kan ons aangaan met die operasie. Ek het dit nie om dit neer te sit nie. Weet jy, dan is dit baie moeilik om te glo dat my sekuriteit nie in geld lê nie.
Jy weet, ek wroeg daardie aand. Ek is ontsteld. Jy weet, ek is kwaad vir die dokters en vir die mediese fonds en ek... maar nou raak dit ook 'n geloofskwessie vir my en ek begin te dink as ek net geld gehad het, as ek net 'n ander kerk gehad het. Jy begin snaakse goed te dink, 'n sideline job, iets anderster wat ek kan doen want ek het... want... dan soek hierdie sekutiteit, want dis... om jou kind te sien, jy sê baie maklik eerder ek, eerder ek.
Laat ek... hoekom moet my kind... laat ek daardeur gaan, maar daardie aand is dit asof goed in my begin skuif en ek begin te wonder, is dit nie dalk die Here se manier om te sê maar hierdie operasie moenie plaasvind nie? Ek besef skielik dat ek kan vir die operasie betaal en dit kan sy dood beteken. Ek besef skielik al doen hulle die operasie goed en reg is nie 'n versekering dat daardie prosedure suksesvol gaan wees nie. Ek besef skielik dat sekuriteit iets groter en iets meer is. Ek besef skielik ek kan nie my kind se liefde koop nie.
Daar is soveel wat geld nie kan koop nie. Ek onthou een van my vriende vir my vertel hy onthou die oomblik en die dag toe hy besef geld gaan nie sy probleme kan oplos nie. Hy het 'n moeilike huwelik, hy sukkel met sy kinders, en hy sê ek besef daardie dag, die oomblik toe die penny drop, ek kan nie. Ek kan dit nie laat gebeur nie. Ons eintlike sekuriteit is iets groter, dis iets meer, maar ons kan met die mite leef.
'n Ander groot mite waarmee hy geloop het: ek is genoeg. Jy weet, hy sê in vers 16 dat die grond het voortgebring, maar ten spyte van die grond wat voortbring sê hy in die volgende twee verse... jy weet, jy raak amper moeg vir die woordjie ek die heeltyd. Sewe keer in twee sinne, ek sal, ek sal, ek sal, ek het, en ek sê vir my so, ek het, jy weet. Hy dink ek is genoeg. Hy het nie 'n bewussyn van die grond wat voortbring nie. Hy het nie 'n bewussyn van God se hand en God se werk nie. Hy dink hy is in beheer. Dis die mite van control.
Hy dink hy is in beheer maar hy is nie in beheer nie. Weet jy hoeveel van jou lewe is nie... jy kan nie jou gesondheid beheer nie. Jy kan nie die weer beheer nie. Jy kan nie ander mense beheer nie. Jy kan nie die ekonomie beheer nie. Daar is soveel buite jou beheer, maar hierdie ou leef nie met daardie bewussyn nie. Hy is glad nie in kontak met sy kwesbaarheid en sy beperktheid en met die bewussyn van wat God doen in sy lewe nie, en die gevolg is ook natuurlik dat jy ontnugter word as jy met daardie beperkinge te doen kry in jou lewe, dat jy 'n bitter mens word en 'n baie kwaad mens is as jy nie daardie beperktheid besef nie en nie besef dat dit wat jy het is 'n gawe uit God se hand uit nie, want dit is wat gratitude is. Dis wat dankbaarheid is. Ek ervaar die lewe as 'n gawe.
'n Rukkie gelede kyk ek 'n film op televisie, dis baie snaaks, van so 'n omgekrapte, bitter ou. Hy bid, en dis nou hoe hy dankie sê: ek het hard gewerk en hierdie land self voorberei. Ek het geplant, ek het geoes, ek het die kos voorberei. Ek is tot op my been toe moeg. Dis alles net deur wat ek gedoen het, maar dankie. Jy moet hom hoor kla, hoor; dis nou sy dankie sê, en in die film is die storie toe hoe die lewe teen hom draai, hoe hy sy kind verloor deur die dood en hoe hy 'n misoes het en hy... en hoe hy skielik ander oë kry deur leiding en hy 'n dankbare mens word en heeltemal anderster na die lewe begin te kyk.
Jy weet, in hierdie week het ek en Wilma het 'n hele paar goed in die familie gehad om te hanteer. Die een is dat een van ons familielede blind geword het. Lank met sy oë gesukkel, agteruit gegaan, en toe hy nou opstaan, ek dink dit was Woensdagoggend, toe kan hy niks meer sien nie, stokblind nou. Niemand kan iets vir hom doen nie. Hy is blind. 'n Ander familielid het probeer selfmoord pleeg, is nou net uit intensief uit, ingestoot in 'n ander saal. 'n Ander familielid dreig om selfmoord te pleeg. Ons gaan vanmiddag met haar gesels.

‘n Ander familielid is in die ouetehuis en sy trek nou... sy het Alzheimer’s, haar klere uit. Hulle kry haar kort-kort in die gang sonder klere. Nou, aan die een kant giggel ons, dis vir ons snaaks, maar aan die ander kant het jy ‘n pyn, jy het ‘n seer, jy het die... jy is lief vir daardie persoon. Jy ken daardie persoon heeltemal anderster, en sy begin nou totaal iemand word wat jy glad nie mee kan relate of ken nie, en iets daarvan kom na jou toe wat sê maar jy is nie in beheer nie. Jy is nie in beheer nie. God is in beheer. God is in beheer.

Jy weet, nou... dit is baiekeer vir ons so moeilik om te kan sien hoe hierdie mites in ons werk, hoe... dat jy ‘n dwaas is. Dis moeilik om dit te sien. Dis moeilik om te kyk na hierdie mites en eers te glo dis ‘n mite. Dis nie die waarheid nie. Dis nie hoe die lewe werk nie. Dis baiekeer baie moeilik vir ons om dit te kan sien.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

As jy dit sien het jy dadelik iets in jou wat opstaan, wat dit nie wil aanvaar nie, soos in die storie. Die ou kom by die Here Jesus toe en hy sê vir die Here Jesus, Here, help my asseblief. My broer: 'n vreeslike groot probleem. Jis, hy is suinig. Hy is hebsugtig. Hy het nou geërf. Hy hou alles vir homself. Sê asseblief vir hom hy moet iets met my deel. Jesus sê ek gaan nie nou regter speel nie. Al het jy ‘n saak, al is jy reg volgens die wet, besef jy wat is in jou hart? Hebsug. Besef jy? Pasop vir hebsug. Hy is blind vir dit wat in sy eie lewe gebeur.

Nou, Jung het met die teorie gekom, 100 jaar of wat terug, van verdediginsgmeganismes. Dis daardie innerlike meganismes wat ons gebruik om ons ego te beskerm. Ons kan baiekeer nie die koue harde feite vat van my lewe nie. Ek kan dit nie vat nie, so ek verruil dit eerder vir die illusie wat baie sagter en gemakliker is vir my lewe, want ek het op ‘n manier begin funksioneer in my innerlike wat my ego in stand hou. Ek het sekere maniere van goed kyk en doen wat vir my sê ek is okay, en as dit bevraagteken word of dit... daar word aan hierdie goed gevat, dan kom en dan spring hierdie verdedigingsmeganismes op.

Nou, die verdedigingsmeganisme wat hierdie ou in die storie gebruik is, volgens Jung nou, projeksie. Dit is die feit dat ek nie die waarheid in my eie lewe in die oë kan aanskou nie, so dan plaas ek hierdie ding op ander mense. Ek sien dit in al die ander mense, maar ek sien dit nie in myself nie, jy weet. Kyk net hierdie broer van my, hoe is hy. Jy weet, die sielkundiges het 'n gesegde: if you’ve spot it you’ve got it.

Raai wat, daardie ouens wat jou so eindeloos irriteer, raai wat, hulle trap op daardie dingetjie wat in jou... no way, dis die tweede verdedigingsmeganisme: ontkenning. Dis ‘n ander manier waarmee ons werk. Nie ek nie, oh no, want jy sien, dit bedreig my gemak, dit bedreig die manier waarop ek dink die lewe werk, en hoe gaan dit dan wees as ek dit moet laat gaan? Wat gaan die mense van my sê en my dink, so ek moet hierdie beeld voorhou. Ek beskerm my ego deur hierdie manier.

Rasionalisering is natuurlik ‘n baie ander sterk meganisme wat daar is; maar is dit nie maar hoe die lewe werk... maar almal maak so. Almal maak so. Reaksie reformasie, dis ek verruil... ek sê dit is nie dit nie. Ek noem dit iets anders. Ek sê eintlik dis goed en ek noem dit iets anders. Dis maar net wat sukses is, is dit nie? Hierdie ou is net baie ambisieus. Eintlik, hy is hebsugtig, maar ons noem dit iets anders. Ons rasionaliseer omdat ek so ‘n verhouding met geld het.

Kyk, dit gaan nie vanmôre oor geld nie. Dit gaan vanmôre oor hoe jy kyk na geld, wat jou houding is oor geld. Dit is waaroor Jesus praat, en hy waarsku oor dit. Jy weet, ons rasionaliseer. As ek baie geld kry dan sal ek. Ek kan nie nou... ek het nie. Ek is baie arm. Ek kan nie. Rasionaliseer, want dit gaan oor wat jy doen met wat jy het, en dit gaan oor jou houding teenoor dit wat jy het, en in hierdie gelykenis vertel Jesus en sê vir ons dat oppas daarvoor.

As hy sê oppas dan beteken dit jy is vatbaar daarvoor. Is daar enige bewussyn in jou wat jou ingesteldheid is, en wat die gelowe is rondom geld en hoe die lewe werk? Is jy hoegenaamd in kontak met dit, of is die verdedigingsmeganisme sterk, soos in hierdie storie, en Jesus se bottom line is dit vernietig jou lewe. Kyk, hierdie ou is diep omgekrap met sy... skielik affekteer dit sy verhouding met ander mense.

Nou wil ek gou ‘n toetsie doen. In jouself, in jou eie lewe, vat nou jou pyn, jou las waarmee jy nou lewe, nê, dit... jou spanning, jou stres, watter rol speel geld daarin? Weet jy wat is die nommer een rede vir konflik in die huwelik? Geld. Geld. Vanmôre, vat net ‘n oomblik en kyk watter rol speel geld daarin.

Paulus sluit aan by hierdie idee en hy sê but if it’s only money these leaders are after, en dis natuurlik nie net vir leiers waarvan... enige iemand, they’ll self-destruct in no time. Lust for money brings trouble and nothing but trouble. Going down the path some lose their footing and their faith completely and live to regret it bitterly ever after.

Weet jy wat sê die ou vertaling? Geldgierigheid is ‘n wortel van alle euwels. Nie geld nie: geldgierigheid, hoe jy dink, hoe jy voel, watter plek geld in jou lewe het is ‘n... nie die enigste wortel, is ‘n wortel. Paulus gaan en dan sê hy daardeur, deur geldgierigheid het baie van ons ons met groot smarte deurboor. As gevolg van dit sit baie van ons met geweldige smart in ons lewens.

Nou, wat doen ek daarmee? Die eerste stap is, en ek dink dis ‘n groot gawe van die Here, as Hy jou oë oopmaak om dit te kan sien, as jy daardie moed het om die verdediginsgmeganismes te laat gaan en te sê ek is reg vir iets nuuts in my lewe. Ek is reg vir ‘n nuwe skepping, ‘n nuwe fase, ‘n nuwe manier van funksionering, en baiekeer moet jy eers baie moeg raak vir jou ou manier. Jy moet baiekeer eers tot op die doodloopstraat kom, en partykeer moet jy eers bankrot speel.

Partykeer moet jy eers in diep pyn ingaan om te sê dit werk nie, en as jy dan daardie wortels kan sien in jou eie lewe, en dis daar in ons almal s’n, dan kan jy tot bekering kom. Bekering is metanoia, dan kan jy jou gedagtes

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

verander. Dis wat die woordjie letterlik beteken, om te sê maar dit is erg, dis nie sommer net niks nie, dis erg, dan kan jy sê maar ek het dit, dis in my lewe, en dan kan jy dit bely.
Bely beteken om dieselfde te sê, dieselfde as die Here daaroor te sê: dis nie goed nie, vergewe my, maar dis nie al nie. Jesus sluit af, so gaan dit met iemand wat ryk is maar wat nie ryk is in God nie. Jesus sê eintlik gaan die lewe hieroor. Bottom line van die lewe: word ryk in God, so die pad is nie net om bewus te raak van wat verkeerd is en dit te probeer hanteer nie, maar dit is ook om dit te vervang.
Die wet van vervanging, jy weet, as jy nog net nie hebsugtig is nie dan doen jy nog nie wat die Here wil hê jy moet doen nie, dan is jy maar nog net leeg van die verkeerde goed, maar is jy vol van die goeie goed? Dis wat nodig is om ryk te word in God, jy weet, en hier is 'n sleutel tot die hantering van dit wat verkeerd is in ons lewens en van afgode. Dis nie net 'n identifisering en 'n hantering nie; dit is 'n vervanging. Plaas iets anders in die plek van dit, en Jesus sê dis...
Wat is... wat beteken dit om ryk te wees in God? Wel, God is liefde. God is verhouding. Dit beteken ek is ryk in verhoudings. Ek het diep wonderlike verhoudings. Dit beteken God is ewig, dat my lewe begin te draai om goed wat ewig is. Wat is ewig? God is ewig. Mense is ewig. My siel is ewig. Dit wat ek doen in liefde bly vir ewig. My verhouding met God, my verhouding met ander, my verhouding met mekaar, my verhouding met dit wat ek besit, my verhouding met God. Dit beteken as ek ryk is in God, ek het baie van God.
Jy weet, ons kan dit so verskraal. Het jy Hom of het jy Hom nie? Het jy al jou sondes bely? Het jy Hom aangeneem of het jy nie? Jy weet, dis so wit en swart, het jy... maar daar is nog iets anderster ook. Ek kan Hom hê maar Hy kan niks van my hê nie. Ek kan vir Hom hê maar ek het baie min van Hom, van wat Hy sê, van wat Hy dink, van wat Hy voel. Hy is baie klein in my.
Jy weet, die Psalme sê kom maak die Here saam met my groot. Dink jy nou dis letterlik, ons kan die Here groter maak? Jy kan mos nie die Here groter maak nie, maar hy sê kom maak die Here saam met my groot. Dit beteken maak die Here in my, die Here kan in my groter word. Johannes 3:30: Johannes sê Hy moet meer word, ek moet minder word. Dis dat Hy groter word in my denke. Dis dat hy 'n groter plek in my bewussyn inneem. Dit is dat my lewe nie meer om my bewussyn, my begeertes, my drange om geld...
Jesus, in die gelykenis van die saaier sê Hy daar is saad wat niks vrug kan dra nie. Jy kan nie geestelik groei nie. Hoekom nie? Hy sê want jy is opgeneem met die sorge van die lewe en geldgierigheid. Dis wat jou okkupeer. Dis waarmee jy besig is. Dis om na 'n plek toe te gaan waar ek regtig uit God uit begin te leef, want dit wat ek dink ek in geld kan kry, dat ek dit by God begin te kry.
Dis hoekom Jesus geld Mammon noem. Dis die Aramese geld god, want ons draai na geld toe vir ons sekuriteit, ons draai na geld toe vir ons identiteit, ons draai na geld toe vir ons vryheid, ons draai na geld toe vir ons geluk. Ons sien in geld ons lewe. Nee, maar draai na God toe vir dit. God kan jou sekuriteit wees. God kan jou bron wees vir vryheid. Jy... God is jou bron van lewe. Jy kan bly word in die Here, dis wat met jou kan gebeur. Dis om na daardie plek toe... dan word ek ryk in God, ryk in jou verhoudinge met ander mense. Ek connect diep. Ek deel my lewe diep met ander mense, want dis al wat saam met my gaan anderkant toe, is ander mense. Dis ander mense. Daardie verhoudings bly vir altyd. Dit bly vir altyd.
Die Ortodokse Kerk het 'n baie goeie gesegde. Hulle sê jy gaan hemel toe altyd saam met ander. Jy gaan hel toe alleen. Jy weet, op die einde van jou lewe, wat maak saak? Is daar ouens wat sê bring net my kar, ek wil net my kar sien voor ek gaan, huh? Is daar ouens wat se, jis, ek is net oor een ding spyt: ek is nie nou op kantoor nie? Is daar ouens wat sê voor ek gaan, sien net daardie deal deur asseblief?
Nee, bring die mense. Bring die mense wat ek liefhet. Bring die mense naby aan my, en skielik ook, ai, die ouens wat ek nie mee reg is nie, bring hulle. Ek moet gaan en ek besef nou skielik hierdie ding, voor ek gaan, ek moet... hoekom? Dis 'n intuïtiewe gevoel. Dis eternity waaraan ons hierso vat. Dis wat dit is, en in myself...
'n Vriend van my sê daar is twee soorte rykdom wat jy kan hê. Hy sê the richness of doing and the richness of being. The richness of doing het te doen met die rykdom wat jy verwerf het deur alles wat jy gedoen het, en dit het baie dimensies. Dis besittings, ja, maar dit het ook... dit is ook reputasie, dit is ook intellektuele kapitaal wat jy bymekaargemaak het, dit is baie dimensies wat jy kan hê rondom hierdie, maar dit het alles te doen met wat jy gedoen het, en dis alles uiterlik. Hy sê maar dan is daar ook the richness of being. Dis innerlike rykdom. Dit is om vrede te hê met jouself, met God, met ander mense. Dit is om vry van stres en spanning en dit... dis om bly te wees. Dis om met dankbaarheid te leef. Dis om met dankbaarheid te leef. Dit is innerlike...
Nou sê hy, en hier is die groot fout wat ons maak, ons dink dat uiterlike rykdom gaan vir ons innelike rykdom gee, maar dis twee soorte rykdom. Die een is nie gelyk aan die ander een nie, en die probleem wat ons het is dat ons fokus baie op the richness of doing, maar dit beteken... nie almal gaan dit kan hê nê. Nie almal gaan baie van dit kan hê nie, maar ons almal kan richness of being hê, en hy sê dit is die dilemma van die lewe, is dat ons soek eintlik innerlike rykdom. Dis waarna ons eintlik almal soek, maar ons fokus op die uiterlike rykdom, om dit te kan kry, dan is jy ryk in jou siel. Jou siel is meer kosbaar as... Jesus sê, what is more important than your soul. What has more value than your soul? Wat is daar? Is there anything worth more than your soul?
Die Methodiste, in hulle tradisie deur Wesley, vra mekaar altyd as hulle gesê het hoe gaan dit met jou, nê, dan het hulle... okay, ja, die besigheid en, jy weet, die kinders en die goed en so, okay, as ek dit vir jou klaar gevra het, die tweede vraag is nou, nou hoe gaan dit met jou siel. Hoe gaan dit met jou? Hoe gaan dit met jou hier binnekant in

jou siel? Is dit wel met jou siel? Dan is ek ryk. That's true riches, in myself, in my siel, ryk deur my verhouding met dit wat ek het.
Luister wat sê Paulus vir Timoteus: tell those rich in this world's wealth to quit being so full of themselves and so obsessed with money. Nou, net 'n oomblik. Tell those who are rich in this world's wealth. Okay, wie van julle voel vanmôre ek is ryk? Nie een hand nie. Miskien was hier so twee of drie. Hoekom voel jy nie jy is ryk nie? Hoekom, want jy het jou nou vergelyk met ander ouens wat jy dink is ryk, en dis almal ouens wat meer is as jy.
Hoekom het jy jou nie nou vergelyk met iemand in die plakkerskamp nie, huh? Dan het jy dalk gesê jy is ryk. Dit het hier te doen met wie ons onsself vergelyk. As jy 'n kar het en jy bly in 'n baksteenhuis dan val jy in die top 5% van die wêreld se bevolking. Met wie vergelyk jy jouself?

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Hy waarsku. Hy sê rykdom is nie net goed nie. Rykdom kan jou siel steel. Rykdom kan... hy sê you can become so full of yourself jy kan jou identiteit kry. Jy kan dink jy het baie meer beheer. Jy kan dink jy is heeltemal iets anderster as wat jy eintlik is. Dit kan jou touch met reality laat verloor. Dis wat rykdom kan doen. Dan sê hy hierso and so obsessed with money. Nou, okay, dis nie net die mense wat het wat obsessed is met money... ek het agtergekom dis baiekeer ons wat nie het nie wat meer obsessed is as die ouens wat het.
Ek is verbaas oor 'n paar vriende wat ek het wat ek dink baie besit, hoe los hulle is aan dit wat hulle het. Ek is verbaas. Ek het 'n paar baie arm vriende. Hoe begeer hulle, hoe hulle obsessed is om net in die hande te kan kry, maar dis nie die lewe om obsessed te wees nie, which is here today gone tomorrow. Tell them to go off to God who piles [?] on all the riches we could ever manage, so do good. Be rich in helping others and be extravagantly generous. If they do that they will build a treasury that will last, gaining the life that is truly life.
Hy sê word vrygewig met dit wat jy het. Word vrygewig. Gee uit dit uit wat jy het, deel dit. Hy sê dan gaan jy vat, dan doen jy iets baie goed en jy maak vir jou skatte bymekaar in die hemel, skatte wat... waar mot en roes nie kan... wat nie van die... jy gaan voor Hom staan en hy sê Ek gaan jou beloon vir elke goeie ding wat jy gedoen het met dit wat jy het. Wow, kan ons dit glo? Kan ons dit glo?
Hy sê dan gaan jy vat aan die lewe wat werklik lewe is. Dis interessant. Daar is 'n lewe wat nie werklik lewe is nie. Daar is 'n lewe wat net 'n bestaan is. Wel, dit, ten minste, ken almal van ons. 'n Lewe wat werklik lewe is, en dit het te doen met dit wat jy doen met dit wat jy het, nie met wat jy gaan doen as jy kry nie, maar dit wat jy nou... en weet jy wat die snaakse ding is? Ons almal voel om hierdie stap te neem om generous te begin raak, nou voel ons maar ek is op 'n plek waar ek dit nie nou kan doen nie, jy weet.
Ek onthou toe ek en Wilma nou saam die eerste keer hiermee gekonfronteer was was ons studente. Ons het net getrou. Ons het nie baie nie. Ons het... gewoonlik die laaste week van die maand dan kry jy so een dominante voedselsoort in elke bord kos wat jy eet. Ek onthou ons het so een papat week gehad, heel week. Ons het koeldrankbotteltjies opgetel en ingeruil om brood te koop, dis daardie tipe week waardeur ons gaan.
Nou is ek 'n teologiese student en ek doen hierdie Bybelstudies en hierdie goed, jy weet, en Wilma het baie sterk uit 'n Christelike huis grootgeword en nou... okay, maar ons het... ons sukkel om dit te maak met kos. Dis 'n patat week. Gee? Nie in 'n patat week nie. Nee kyk, dis eintlik nie vir studente nie. Kyk, dis eintlik as jy nou begin werk. Dis eintlik as jy nou... maar ek het 'n... ek kry geld in, ek het 'n inkomste. Ek werk ook. Ek kry... huh? Jy sien, rasionalisering. Hier begin jy te werk, my konstruk in my lewe, en ek sê dit kom altyd na jou toe in 'n patat week. Altyd kom hy na jou toe in 'n patat week.
Wat maak jy met dit wat jy kry? Kan julle dit gaan... kan jy werklike sekuriteit en vrede en blydskap en joy begin te kry en vir jou skatte bymekaar maak? So waar is jy vanmôre? Jy weet, is jy dalk op daardie plek waar hier vanmôre dalk net die gordyntjie so bietjie opskuif en jy sê dis nie lekker nie? Ja, Lent is 'n tawwe tyd. Lent is 'n tyd van selfondersoek, en 'n groot vriend van my wat 'n professor in sielkunde is sê... hy praat altyd van the horror of self-discovery, hy sê soos 'n horror movie wat jy gaan kyk, dit laat jou hare rys, jy weet.
Maak jy oop, besef jy iets van die plek waarin jy is vanmôre as gevolg van jou mites, as gevolg van ek is dwaas, ek is dwaas met dit? Is daar dalk net by jou 'n diep honger en 'n begeerte om te draai? Ons het... ons almal, ons almal is op 'n plek waar ons moet sien en vat en draai en besluite neem, so kom ons bid net saam.
Vader, dankie vir die Woord wat 'n lig is op ons pad. Dis partykeer net so moeilik as ons so lank in donker gesit het en die lig skyn skielik op ons, om te kan kyk. Dit maak ons oë seer, en partykeer het ons die duisternis meer liefgekry as die lig. Partykeer het ons waarheid vir leuens verruil, maar dankie dat U ons wys, elke een vanmôre, net waar ons nou is in ons lewens, en dankie dat U ons help net om daardie eerste stappie te gee in 'n nuwe rigting, in 'n nuwe pad, op 'n nuwe manier. Dankie dat U lewe het vir ons.
Ons wil ons afhanklikheid van U bely. Ons wil ons sonde bely, dit wat ons doen wat so vernietigend in ons lewens is. Ons wil na U draai. Help ons, Here. Vat ons in die lewe wat vir ons bestem is. Help die van ons wat vanmôre hier sit wat deur groot smarte deurboor is, die van ons met ons hande in ons hare, help ons, Here. Ons vra dit in die naam van Jesus. Amen.
Mag jy in hierdie week wat voorlê die vrede van die Here Jesus in jou lewe ervaar. Amen.